



OLIESADE-OORSIG

Dalende mieliepryse plaas druk op die prys van oliesade

– 9 April 2013

DIRK STRYDOM, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

Op die internasionale front het die oliesaadpryse gedurende die laaste twee weke van Maart 2013 redelik sterk gedaal. Dié daling kan toegeskryf word aan die sterk verlaging in VSA mieliepryse en is ook as gevolg van 'n hoër as verwagte voorraadvlak van mielies in die VSA.

Die verslag van die Amerikaanse Departement van Landbou was 7% hoër as die verwagtinge, maar was nietemin steeds laer as die vorige jaar se vlakke. Vanaf die publikasie van die verslag tot en met 4 April 2013, het die prys reeds met 14% gedaal.

Sojaboonvoorradvlakke is tans op 1 miljard skepels, maar is steeds 6% hoër as die verwagtinge van verhandelars. Dit is 0,37 miljard laer as die vorige jaar. Sojabone het mielies gevolg, maar nie so sterk gedaal soos mielies nie. Hierdie daling was vanaf die publikasie van die verslag tot en met 4 April, slegs 5,6% laer.

Volgens die VSA se aanplanting-intensitiesyfers is daar nie noemenswaardige veranderinge nie. Die verwagting is dat hul 31,21 miljoen ha sal aanplant teenoor die 31,24 miljoen ha van die vorige seisoen.

Die versterking in die sojaboonprys teenoor die mielieprys kan veroorsaak dat VSA produsente meer sojabone plant. Die soja-mielieprysverhouding het met 10% in die guns van sojabone verbeter vanaf begin Februarie tot en met die skryf van hierdie artikel – dit is tans op 2,18 wat bo die norm van 1,8 is. As die weer bevorderlik is vir aanplantings in die VSA, kan die voorraadvlakke binne die volgende seisoen weer na normaal terugkeer.

Die volumes wat beskikbaar is vanaf die Suid-Amerikaanse lande is steeds nie voldoende om wêreldvraag te bevredig nie. Dit is vernameklik as gevolg van logistieke probleme in die land. Daar is groot

bottelnekke by verskeie hawens, wat veroorsaak dat die land nie vinnig genoeg sojabone uitgevoer kry nie. In Argentinië was daar in die eerste week van April steeds hoë reënvalsyfers wat die begin van die oesproses verhinder.

In China het voëlgriep uitgebreek en hoewel daar nog geen tekens van die virus by diere gevind is nie, kan dit verreikende gevolge hê indien dit wel onder diere uitbreek. China is die grootste invoerder van dierevoer en indien die virus onder diere posvat, kan die vraag na soja-oliekoek drasties daal. Viëtnam het reeds 'n verbod geplaas op die invoere van pluimvee vanaf China.

Suid-Afrikaanse vraag en aanbod

Die sojaboonoes in Suid-Afrika is reeds in die vroeë stadium en kan die begin van leweringsdruk op pryse plaas. In die tweede oesskatting het die Nasionale Oesskattingskomitee aangedui dat daar 'n daling van 6,93% in sojaboonproduksie is.

Dit is 'n totaal van 851 000 ton teenoor die eerste skatting van 914 350 ton. Soos verwag, het die Vrystaat baie tonne verloor weens die hoë temperature en droogtetoestande. Die grootste aanpassing in terme van oliesade, was sonneblomsaad wat aangepas is met 'n daling van 11,17%. Grondbone is ook afwaarts aangepas met 10,37%.

Internasionale en plaaslike pryse

In vergelyking met min of meer dieselfde tyd verlede jaar het die internasionale pryse van oliesade gedaal. Die grootste daling was in grondbone wat met 50% gedaal het, dit is merendeels weens die ooraanbod in die wêreld. Palmolie en sojabone het ook redelik sterk gedaal in vergelyking met die vorige jaar (Tabel 1).

Plaaslike pryse het 'n relatiewe opwaartse neiging gehad, met die hoogste styging in sojabone (20%). Die afgeleide pryse van sojabone en sonneblomsaad het ook met onderskeidelik 25% en 19% gestyg (Tabel 2 en Grafiek 1).

TABEL 1 : BELANGRIKSTE OLIESAADPRYSE (VSA \$/TON EN R/TON).


Produk	4 April 2013	April 2012	% verandering
Sojabone (VSA CIF Rotterdam)	550	585	-6
Sojabone (Arg)	989	1 246	-21
Sonneblomsaad (EU)	630	620	2
Grondbone (VSA 40/50)	1 400	2 800	-50
Palmolie (Maleisië)	795	1 166	-32
Soja-olie (VSA)	1 125	1 266	-11
Sonneblomolie (Arg)	1 105	1 305	-15
Sojakoek (Arg)	472	463	2
Vismeel (Peru)	1 620	1 165	39
Rand/\$	9	8	17

Bron: Oilworld en Reserwebank

TABEL 2: PLAASLIKE OLIESAADPRYSE.


Gewas	4 April 2012	4 April 2013	% verandering
Sonneblom	4 803	5 310	11%
Afgeleide sonneblom	4 681	5 548	19%
Sojaboon	3 877	4 639	20%
Afgeleide sojaboon	3 773	4 722	25%
Soiil kanola	4 000	4 600	15%

Bron: Safex en Graan SA




Grafiek 1: CBOT sojaboon- en mieliepryse.

Bron: CBOT



Grafiek 2: Sonneblom-, sojaboon- en grondboonpryse.

Bron: Safex en Graan SA



Die wisselkoers en nuwe persaanlegte het 'n groot rol gespeel. Produsente wat nog nie hul oeste geprys het nie, sal daarop moet begin let om hul oes te verskans. Daar is sterk beërfaktore in die mark, wat pryse binne die volgende drie maande kan verlaag. Die Suid-Amerikaanse logistieke probleme is besig om te verbeter en daarmee saam, is daar ook 'n moontlikheid van 'n daling in wêreldvraag.

'n Groot oes in terme van mielies word deur die Amerikaners beplan. Teen middel-April was die weer ongunstig en dit kan beteken dat produsente na sojaboonproduksie kan beweeg. Die volgende paar maande se aanduiding is dat pryse baie volatiel en baie afhanklik gaan wees van Amerikaanse weersomstandighede en Chinese verbruik. ■

Hierdie Oliesade-oorsig word moontlik gemaak deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.